LEES BINNE	
Gemeentenuus	2
Rentmeesterskap	3
Fokus op die Huwelik	4
Reseptehoekie	5
Woekerhoekie	6
Gebedsaksie	7
BID: Decoligny	8
Hoekom bid?	9
Kinderblad	10
Blokkiesraaisel	11
Advertensie	12

Wil jy graag iets in ons koerantjie plaas of self iets skryf?

Bydraes vir Mei 2019 moet Kerkkantoor voor 12:00 op Ma., 13/05/19 bereik!

'N TWEEDE KANS

Ons storie en feesviering hou nie op Paasdag op nie. Die probleem met feesdae is juis dat ons die volgende dag aanbeweeg na die normale wêreld en dan onsself in 'n vae "Nou wat nou?" bevind. Vandag fokus ons op hoe ons aan beweeg in ons geloofsoortuiging dat Jesus die vloek van sonde oorwin het en ons nuwe lewe in Hom bring. Onthou jy vir Petrus? Vroeër hierdie week het ons gelees hoe hy Jesus verraai het deur hom drie keer te ontken. Vandag sien ons hom en Jesus weer.

Lees Johannes 21:15-19.

Jesus bevraagteken Petrus se liefde. Ek dink nie die ondervraging was vir Jesus nie, maar vir Petrus. Ek dink Jesus het Petrus 'n kans gegee, inteendeel - drie kanse, om sy liefde vir Christus te bevestig. Drie keer het Jesus terugvoer gegee oor how Petrus sy liefde vir Hom kon wys: "Laat my lammers wei." "Pas my skape op." en "Laat my skape wei." Die manier wat ons ons liefde aan Jesus bewys en Hom vertel hoe lief ons Hom het, is nie met woorde nie. Enige iemand kan 'n kruis hangertjie dra, die Christen opsie op 'n Facebook profiel merk, of kerk toe gaan op Sondae. Jesus sê egter om Hom lief te hê moet ons Sy skape (mense) versorg. Hy het nie vir Petrus gevra om mense net lief te hê nie; Hy gee hom 'n ekstra instruksie:

Lees weer Johannes 21:19.

Hy sê dat Petrus Hom moet volg. Wat 'n mooie beeld van Jesus as ons Verlosser. Dit maak nie saak dat Petrus sy oë van Hom afgehaal het toe Hy op die water geloop het nie. Dit maak nie saak dat Petrus vir Christus nie net een maal, maar drie maal, ontken het nie. Jesus nooi Petrus uit om Hom weer te volg.

"'n Dief kom net steel, slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, in oorvloed. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape." - Jesus (Johannes 10:10-11)

Jesus weet alles van jou af - al die maniere wat die dief (satan) in jou lewe gesteel, geslag en uitgeroei het - en Jesus is steeds lief vir jou en begeer 'n lewe van oorvloed vir jou. Om hierdie Heilige Week tot 'n punt the bring, kyk na hierdie video van Isaak Wimberly wat sy gedig "Beauty" lees: https://www.youtube.com/watch?v=Jx5noFGH0bQ

Jy is onbeskryflik mooi te danke aan Sy liefde - Sy lewe, dood en opstanding! Gaan en leef in oorvloed terwyl jy Jesus volg en Sy skape lief het!

Bron: Youversion Bible App

Bybelstudie Plan se naam: Die Laaste Lesse deur Becky Kiser

Wat's Nuus?

HIERDIE BLADSY IS SPESIAAL OM WYKSNUUS AAN ONS GEMEENTE DEUR TE GEE. *WIE VIER HUL GOUE BRUILOF? WIE HET TAGTIG OF NEGENTIG GEWORD ….. OF HONDERD? KOMAAN WORD BIETJIE MEELEWEND EN GEE BIETJIE WYKSNUUS DEUR, OF IETS KOMIES ÓF INTERESSANTS WAT GEBEUR HET (SOMMER MET 'N FOTO BY).*

BERG 80 VERJ: MEI 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Verster	Jasper	05/06	83
Baard	Coenie	05/07	80
Cloete	Anna	05/07	92
Stander	Pattie	05/10	81
Brand	Willie	05/16	84
Rocher	Hermann	05/16	87
Hanekom	Daphne	05/17	85
Dippenaar	Jessie	05/19	88
Fourie	Joey	05/22	88
Roux	Marie	05/23	83
Visagie	Sally	05/23	83
Van Wyk	Gwennie	05/24	88
Labuschagne	Rina	05/27	80

Rom 15:13
Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

Willem & Annalie Botes en André & Tersia van Vuuren het Sat oggend, 27/4, 04h00 die lang pad Transkei toe aangedurf saam met lidmate van Suider-Strand, vir 'n uitreik na Decoligy & Sinethemba.

Van Lourens-rivier Gemeente se lidmate was ook op Vry-heidsdag deel van die Jesus Mars in die Strand

Rentmeesterskap

Filippense 4:17-19

Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg.
Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig.
En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Betaalwyses vir alle bydraes

- Inbetaling by kerkkantoor (kaartfasiliteit ook nou beskikbaar
- M.b.v. dienswerker
- Aftrekorder (reël self by bank)
- EFT

Oorweeg dit asb. ernstig om bydraes met debietorders te maak. Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar.

Jy kan ook die ZAPPER selfoontoepassing as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir inligting of navrae:
021 853 5991 of fin@lourensrivier.co.za

Bankbesonderhede
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank
ABSA Bank Strand
Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:
Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos, fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met verwysing:
Naam, wyk– of satellietnommer
Waarvoor bv. dankoffer, voedselfees

Dankoffer Geleenthede

Nagmaal
Februarie; Mei; Augustus; November

Tiende: Oktober

FOKUS OP DIE HUWELIK

Hiermee ‘n baie waar en leersame BLOG waarop ek afgekom het van Dr Laura.
Dit kos 'n bietjie werk en volhharding, maar skep jare van #vreugde en #geluk:

8 Ways to Reboot Your Marriage
One of the biggest causes of marital problems is that people ask what their marriage can do for them and not what they can do for their marriage. Here are eight things you can do to make your marriage better:

1. Don’t dwell on your spouse’s shortcomings. If you focus in on what’s bad about your spouse instead of their positive qualities, your marriage will suffer.
2. Make your spouse feel needed. Ask them for help. Even if it’s something you can handle yourself, it makes your husband or wife feel good.
3. Smile when your spouse walks into the room. It lets them know you are happy to see them.
4. Discover new places and experiences together. It builds togetherness.
5. Work on yourself. Developing your own interests or learning new skills makes you more interesting and attractive to your spouse.
6. Have an evening ritual. For example, at 5 o’clock the wine comes out and your feet go up.
7. Engage in physical contact outside the bedroom. You can tell a happily married couple from 50 feet away – their body language says it all. Hold hands while you walk together, or snuggle together in front of the TV.
8. Send your spouse a text. How much sway do you think any of the women at your husband’s work will have if you send him a message saying that you miss the smell of his neck when he leans in for a kiss? Or what mom won’t have a better day with the kids when she gets a text from her husband saying, “You are the softest, sweetest, most adorable woman I could ever imagine.”?
The recipe for a perfect marriage is simple: choose wisely – treat kindly. And as you can see, treating kindly isn’t all that hard.

Bron: www.drlaura.com



RESEPTEHOEKIE

WENKE WAT WERK: Sit 'n houtlepel oor jou pot kos. Dit veroorsaak dat jou pot nie oorkook nie – veral met rys.

EENSKOTTEL GEREGTE: (Bron: http://www.watertandreseptevirоudenjonk.com)

HOENDER STROGANOFF

Genoeg vir 4-6 mense
250 g linguini, gekook
10 ml olyfolie
1 rooi ui, in halwe ringe gesny
1 geel en 1 rooi soetrissie, in skywe gesny
2 knoffelhuisies, fyngedruk
4-6 hoenderborsfilette, in blokkies gesny
sout en peper
20 ml heelkorrelmosterd
500 ml (2 k) Griekse jogurt

METODE:

Kook die linguini soos op die verpakking aangedui en hou eenkant.
Verhit die olie in 'n kastrol en roerbraai die ui, soetrissies en knoffel 2 minute.
Voeg die hoenderblokkies bietjies-bietjies by en roerbraai tot gaar. Geur met sout en peper.
Wanneer die hoender gaar is, voeg die mosterd en jogurt by en laat prut 5-10 minute oor lae hitte.
Jy kan die pasta by die hoender inroer of die hoender oor die pasta skep.

Bron: Huisgenoot Resepte
Plasing: Henriette Wessels / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK

HAASTIGE HUISVROU PASTEI

6 Snye brood bydekante gebotter
Spek in klein blokkies gesny
4 Groterige sampioene in klein blokkies gesny
2 Kop melk
1 Kop gerasperde Kaas
BBQ Sous
Sout en Peper
4 Eiers
2 Gras Uitjies

METODE:

Rangskik broodjies in bak
Gooi spek, sampioene, grasuitjies en BBQ sous saam en meng
Skep mengsel oor brood
Klits eiers en melk en jou speserye saam
Giet oor brood
Sprinkel jou kassies saam.
Laat staan vir so omtrent een uur
Bak in oond teen 175 grade C vir ½ uur.

Bron; Joey Kruger
Plasing & Foto: Joey Kruger / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK

Anna se beskuit (4 Sade/Ontbyt/Mos) @ R40
Canola Olie @ R75
Canola Olie gemeng met olyfolie @ R85
Lekkergoed
Lig op 'n Chirurg se pad @ R50
R25 vir evangelisasie en R25 vir die kerk
(genotvolle leesboek)

- YUMMIE Koekies (Gemmer, Choc Chip, Peanut, ens.) @ R20 per pakkie (200g)
- Organiese Hanepoot Korrelkonfyt @ R30 (470ml)
- Perske & Appelkoos Blatjang @ R35 vir 630g (lekkerder & meer as Mrs B!)
- Marmelade @ R30 (470ml)
- Lappiesboontjies @ R45 p/kg (vir lekker sousbone en boontjiesop)

Lourensrivier se Woekerhoekie

Lourensrivier Gemeente

Kontak: 021 853 5991 H/V/ Broadway & Da Gama

Salon Olivia
50 years experience
021 854 4312
Olivia | Charl
083 558 3264 | 082 551 7466
5 DE MARDT STREET STRAND

GEBEDSAKSIE: MEI 2019
GEBEDSONDERWERP: OORGAWE

"Vergewe ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat by ons in die skuld is" (Lukas 11:4). Jesus het ook in sy gelykenis van die onbarmhartige slaaf vergifnis met die kwytskelding van skuld vergelyk. (Mat. 18:23-35)

Die oomblik waarop ons oorgee aan Christus en onsself toewy aan absolute gehoorsaamheid aan Hom, word 'n wonderlike krag in ons innerlike mens vrygestel. Vrees van wat mense aan ons kan doen, verdwyn. Daar is geen vreesagtigheid meer teenoor God of die hel of straf nie. En in plaas van hartseer, pyn, moeilikheid en angs, oorstroom die Gees van God ons met nuwe lig, nuwe hoop, groot blydskap, heerlike vrede, en oorvloedige geloof.
In letterlike terme, beteken oorgawe om iets oor te gee aan 'n ander persoon. Dit beteken ook om iets wat aan jou gegee is, te laat vaar – jou besittings, mag, planne, selfs jou eie lewe.
Christene hoor baie van die oorgegewe lewe, maar wat beteken dit werklik? Die oorgegewe lewe is die daad van teruggee van die lewe wat Jesus aan jou geskenk het. Dit is om jou lewe heeltemal oor te gee in sy hande om met jou te doen soos Hy wil.
Jesus self het 'n oorgegewe lewe geleef: "Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het" (Johannes 6:38). Christus het nooit iets uit sy eie gedoen nie; Hy het geen daad gedoen en geen woord gespreek sonder dat Hy deur die Vader geleer was nie. "Uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My: die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is" (Johannes 8:28-29).
Jesus se volkome oorgawe aan die Vader is 'n voorbeeld van hoe ons almal behoort te lewe. Jy sal dalk sê, "Jesus was God in die vlees; sy lewe was oorgegee nog voor Hy aarde toe gekom het.

Hoe om oor te gee.

- Verbind jou daartoe om vir Jesus te leef.

- Neem 'n oomblik om stil en rustig te wees. Die Bybel sê ons moet 'Laat staan en weet dat Ek God is.'
- Bely dinge waarvan jy bewus is wat nie reg is in jou lewe nie. Die Bybel sê: ' As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.(1 Johannes 1:9) 3.
- Gee jouself doelbewus aan God oor. Gee Hom elke area van jou lewe. Gee Hom al jou talente en bekwaamhede en gee Hom selfs jou liggaam. Want die Bybel sê: 'Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens.' (Romeine 12:1)
- Neem 'n paar oomblikke en doen net dit. Moenie haastig wees nie.

Gebed:

Here dankie dat U aan die kruis gesterf het vir my Sondes en dat U nog altyd daar was en ook altyd daar sal wees – die een konstante. Ek kom gee myself, my geld, my besitting, my werk, my huwelik met sy uitdagings, my kinders, my liggaam oor aan U. Kom seën my asb. met die vrede wat net van U af kom.

Amen.

BID: Decoligny (2019-04-15)

BID:

- Bid vir die Paasfees Konferensie die komende naweek. Gemeentes kom reeds vanaf Donderdag aand bymekaar en die byeenkoms sluit eers Sondag na die Opstandingsdiens. Bid vir goeie bywoning, vir die voorbereiding van die boodskappe, vir die geestelike gesprekke, vir goeie samewerking tussen die leiers en lidmate, vir geestelike seën vir elkeen wat die byeenkomste bywoon, bid veral dat die konferensie tot eer van die Here wat vir ons gekruisig is en opgestaan het, sal wees.
- Die Ring van Mthatha se Jeug Konferensie word op 26 - 27 April gehou.
- Op 5 Mei hou die VGK Decoligny en NGK Mthatha gemeentes 'n gesamentlike Werkers diens.
- Die Ring se Vroue Aksie hou op 12 Mei 'n Moedersdag Tee byeenkoms in Gcuwa gemeente.

INLIGTING:

- 13 Lidmate van die Strand gaan Decoligny en Sinethemba besoek vanaf 27 April - 1 Mei. Ons beplan om 'n byeenkoms met die Kerkraad te hou en ook om van die senior lidmate van Decoligny gemeente te besoek. Wanneer ons Sinethemba gaan besoek, wil ons graag 'n inventaris gaan maak van items waarmee ons hulle kan help, dinge soos gordyne, duvets, kussings en lakens. Dan wil ons ook kyk na die omheining wat al vir 'n geruime tyd aandag nodig het. Om al hierdie items te vervang, sal ons moet fondse bymekaar maak. Ons sal graag gedurende Julie / Julie 'n groep mense neem om te gaan help om hierdie dinge by Sinethemba te herstel. Meer inligting sal gegee word nadat ons daar besoek het.
- Dit gaan goed met Sam Dandala en sy gesin. Sy studies vorder baie mooi en hy is besig met werkstukke en sal binnekort weer gaan vir kontak sessies vir sy kursus.
- Dit gaan goed met die verkope van ons boek "Sy arms om ons". Mense is welkom om ons te kontak vir bestellings.

DANK:

- Die Ring van Mthatha het 'n konferensie vir die leiers van die verskillende gemeente aksies op 21 Maart gereël, wat goed bygewoon is en 'n groot sukses was.
- Die Evangelisasie Kommissie van die gemeente se program van huisbesoek gaan baie goed aan en word goed aanvaar.
- Baie aandag word gegee om huurders vir al die huise op Decoligny te kry, om die probleem van diefstal te beperk wanneer die huise leeg staan. Die pogings lewer goeie vrugte op. Gelukkig is dit redelik rustig wat betref die plakkers op die gronde van Decoligny.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba)

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154 / 021 854 4620
wgpbotes@gmail.com

IS GEBED REGTIG NODIG?

Die vraag is: Het `n soewereine, almagtige God ons gebede werklik nodig, kan dit herlewing bring, genesing bewerkstellig, reën laat kom. In **Esegiël 22: 30 –31** lees ons: “Ek het iemand tussen julle gesoek wat `n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig sou word nie, maar ek het NIEMAND gekry nie”.

Die implikasies hiervan is ontsagwekkend. God se heiligheid weerhou hom om sonde te verskoon, In sy groot liefde soek God mense wat vir hom beskikbaar is, as voorbidders en werkers in Sy wingerd.

In **Gen. 18:16 – 33** pleit Abraham vir Sodom en Gomorra en God is bereid om te luister. Dutch Sheets sê :- Die gebede van God se heiliges is die aandele kapitaal waarmee God sy groot werk op aarde doen.

In **1 Konings 18:1** lees ons dat God vir Elia beveel:- Gaan na Agab toe moenie langer wegkruip nie. Ek wil weer in die land laat reën. Tog bid Elia sewe keer voor dit begin reën. Elia se gebed moes God se plan in werking stel. **Jakobus 5: 17 – 18** verduidelik dit – God verkies mense deur wie Hy kan werk. **Jakobus 5 : 16b** sê vir ons:- Die gebed van `n gelowige het `n kragtige uitwerking...

Jack Hayford sê: Gebed is in wese `n vennootskap tussen God en die verloste kind van God, wat saam werk om God se verlossingsplan op aarde te verwesenlik.

Wil jy in vennootskap met God wees?

Indien ja – soek beloftes in die Woord waar God belowe Hy luister na ons gebede.

Byvoorbeeld:
Ps. 4:4(b)
Die Here hoor as ek na hom roep.
Ps. 34 : 18
As die regverdiges om hulp roep hoor die Here hulle en red hulle uit al hul benoudhede.
1 Petrus 3 : 12.
Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep.
1 Johannes 14 – 15

Bronne: Krag van intredende gebed; Dutch Sheets; CUM.

Jesus het opgestaan♫

Joh. 20.1-18

Leesrooster Fokusteks: Hand 9:1-20



DWARS

4. Judas se straat
6. Sinagoges was in hierdie stad
8. Saulus wou gevangenes na dié dorp neem
10. Saulus se toestand toe hy sy oë oopmaak
14. Saulus moes vervul word met die ...
17. Saulus sou vir die Here moes ...
18. Saulus het vir 3 dae nie geëet of ...
19. Die omstanders het lemand ... maar nie gesien
20. Saulus het soos 'n ... die Christene vervolg
22. Iets soos ... het van Saulus se oë afgeval
24. Saulus het dit van hoëpriester versoek
25. Aantal dae wat Saulus blind was

AF

1. Volgeling van Jesus
2. Saulus het so op die grond beland
3. God het Saulus gekies as ...
5. Saulus kom hiervandaan
7. Die mense wat saam met Paulus was het só reageer
9. Ananias moes sy ... op Saulus lê
11. Lig het hieruit gestraal op Saulus
12. Saulus moes die Here se naam onder hulle verkondig
13. Saulus het ... van die Here met die dood gedreig
15. Saulus is .... na hy weer kon sien
16. Ananias het Saulus dit genoem
21. Saulus het dit gehoor
23. Saulus se vraag was aan Hom

We are Helderberg

We are the leaves rustling in ancient Milkwoods.
We are the fresh breath of the ocean air.
We are the art and sculptures in our local galleries.
We are organic farmers markets with family and friends.
We are fine wines and cuisine from our most exclusive wine estates.

Lets' get in touch and discuss how we can help you with your property requirements.

Edelweiss Hankey 083 252 1964 / edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
Burger van Dyk 084 540 4543 / burger.vandyk@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za

savills An International Associate of Savills

PAM GOLDING PROPERTIES